Slegs Vir Dieregebruik

TrichGuard®

Reg. Nr. G1749 (Wet 36/1947)
N-SR 1099 (Namibië)

INDIKASIES
Vir die inenting van gesonde beeste as 'n hulpmiddel in die voorkoming van siektes veroorsaak deur *Tritrichomonas foetus*. Neomisien en polimiksien B bygevoeg as preserveermiddels.

BESKRYWING
TrichGuard® bevat dooie, gekonsentreerde kulture van *Tritrichomonas foetus,* gesuspendeer in 'n spesiale olie adjuvant.

BERGINGINSTRUKSIES
Hou verkoel tussen 2 °C en 7 °C. MOET NIE BEVRIES NIE. Hou in die donker

WAARSKUWINGS
Moenie diere slag vir menslike gebruik binne **60 dae** van behandeling nie. Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en troeteldiere.
Die entstof is slegs vir profi laktiese gebruik m.a.w dit sal nie die kliniese verloop van die siekte in beeste met voorafbestaande infeksie verander nie.
Slegs gesonde, immuun-bevoegde beeste behoort ingeënt te word.
Indien 'n allergiese reaksie, vir watter rede ookal, sou voorkom behoort binnespierse adrenalien toegedien te word.
In enige beespopulasie mag 'n klein aantal diere nie ten volle reageer teenoor inenting nie. Die ontwikkeling van voldoende immuniteit mag ook verander a.g.v. ander kondisies soos oorerflikheidsfaktore, subkliniese infeksies, voeding, siekte en parasitisme.
Ontsmettingsmiddels sal die entstof inaktiveer.
Alhoewel hierdie entstof breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is mag dit faal a.g.v. verskeie redes. Indien dit vermoed word raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.

VOORSORGMAATREËLS
Gebruik totale inhoud nadat eerste keer oopgemaak is.
SKUD GOED voor gebruik.
Verbygaande swelling mag by die inspuitplek voorkom.

GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui.
Algemene Aanwysings:
Dien een 2 ml dosis onderhuids in die nek of agter die skouer toe deur aseptiese prosedure te volg.
'n Tweede dosis moet 2-4 weke later toegedien word.
Die laaste inspuiting moet 4 weke voor die aanvang van die teelseisoen toegedien word.
Jaarlikse herinenting: 'n Jaarlikse versterkingsinenting met 'n enkele dosis moet nie later as 4 weke voor die aanvang van die teelseisoen toegedien word nie.

VERPAKKING
TrichGuard® enstof vir beeste word verpak in 50 dosis (100 ml) glas of plastiekbottels.

RAKLEWE
Die vervaltyd op die verpakking word slegs gewaarborg indien die entstof geberg word in die donker by 'n temperatuur tussen 2 °C en 7 °C. Die raklewe is 24 maande vanaf datum van vervaardiging.

REGISTRASIEHOUER
Pfizer Laboratories (Pty) Ltd
Reg. Nr. 1954/000781/07
Posbus 783720, Sandton 2146
Butelaan 85, Sandton 2196, Suid-Afrika.
Tel.: (011) 320 6000

23365220

® TrichGuard en Pfizer logo is geregistreerde handelsmerke.

Rev. 02/2012